DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – JULIE 2010

Donderdag 1 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Vrywilligers

Bid vir die vrywilligers (beraam op 250 000) wat aangebied het om by die verskillende sokkerwedstryde behulpsaam te wees, dat hulle eerlik sal wees in hulle optrede met betrekking tot kaartjies en geld, en dat hulle toeskouers sal kan bystaan wat mediese of ander hulp benodig.

Gebedsfokus op sending: *Live School*

Loof die Here vir die kerkplantingsprojek van *Live School* in die noorde van Mosambiek, waar meer as 30 kerke die afgelope drie jaar tot stand gebring is as gevolg van die volhardende gebed van baie mense. Hou asseblief aan bid vir die beplande uitreik-aksie in September, wat gerig is op die stigting van nuwe *Swahili Live Schools* in die provinsie. Bid ook vir doeltreffende geletterdheidsopleiding vir die nuwe bekeerlinge wat nie kan lees of skryf nie en vir die helpers wat betrokke is by leierskapsontwikkeling vir geestelike en ander leiers. (Kontak Chrissie Naudé, tel.: 012 343 1165. Webwerwe: www.liveschool.org, www.worldmissioncentre.com of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Vrydag 2 Julie 2010

Gebedsfokus op gesondheid: MIV-toetsing onder mans neem toe

Die *Tweede Nasionale MIV/VIGS 2009*-opname het getoon dat MIV-toetsing onder mans oor die afgelope 12 maande aansienlik (24-60%) toegeneem het as gevolg van bewusmakingsveldtogte en -programme. Die meeste van hierdie mans was van mening dat ontrouheid in verhoudings die norm is. Die idee om aan een maat getrou te wees is vir hulle vreemd. Stabiele verhoudings is nie algemeen by jonger mans nie. Alkoholmisbruik is 'n gepaardgaande probleem, want wanneer mense dronk is, is hulle nie meer bekommerd oor MIV nie. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/health_and_hiv_aids/hiv_testing_increases_among_men.html). Bid spesifiek vir 'n nuwe bewustheid onder mans aangaande hul verantwoordelikheid as vaders en dat hierdie bewuswording 'n nuwe verantwoordelikheidsgevoel in hulle sal aanwakker om getrou aan een lewensmaat te wees en verantwoordelik op te tree. Dank die Here vir 'n groter openbare bewuswording i.v.m. MIV/VIGS. Bid dat die Here Sy hart oor die huwelik aan mans en vroue in die land sal openbaar, sodat baie hulle tot die Here Jesus sal bekeer.

Gebedsfokus op gebed: *ROOT 52* gebedsveldtog

'n Jaar lange gebedsveldtog is in die Verenigde State van stapel gestuur om die Christelike wortels van die nasie te herwin. *Root 52*, die 52 week-gebedstrategie, sal van staat tot staat reis en bid in die volgorde waarin die state histories by die unie aangesluit het. Plaaslike intersessors sal vas en bid vir regeringsleiers en ook dat die spesifieke staat na sy oorspronklike "wortels" in God sal terugkeer. Dank die Here vir hierdie gebedsinisiatief in hierdie nasie wat die verantwoordelikheid opneem om toegewyd te bid, te vas en ook om berou te toon. (Webwerf: http://www.generals.org/prayer/rpn/root-52/). Bid vir God se guns op hulle gebedsreis deur die land en dat daar baie deurbrake vir die evangelie as gevolg daarvan sal wees.

Saterdag 3 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Laaste wedstryde

Die laaste wedstryde vind gedurende die volgende twee weke plaas. Bid asseblief vir al die spelers en die toeskouers in die stadions en ook vir dié wat die wedstryde oor die televisie volg. Vra dat God hulle harte sal aanraak en verander te midde van die sportgebeure. Bid dat daar nie geweld in enige stadion voor, tydens of na wedstryde sal uitbreek nie en dat die toeskouers die beslissings van die skeidsregters sal aanvaar. Bid ook spesifiek vir die veiligheid van skeidsregters en hulle gesinne.

Gebedsfokus op die nasies: Haïti verwoes
Haïti is die armste land in die Westelike Halfrond, met 80% van die 9 miljoen inwoners wat onder die broodlyn en 54% wat in uiterste armoede lewe. Ongeveer die helfte van die Haïtiane beoefen voedoe, wat verband hou met Afrika-spiritisme en toordery. Die aardbewing in Januarie was die ergste in 200 jaar. (NewsBytes - January 2010. E-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Laat ons aanhou bid vir die fisiese her-opbou van die land. Boweal, roep tot die Here dat hierdie gebeure die harte van die Haïtiane tot die lewende God en Vader van ons Here Jesus Christus sal bekeer.

Sondag 4 Julie 2010

Die vrees van die Here is onlosmaaklik verbind met LIEFDE (Ps.145:19-20)

Daar is 'n verskil tussen om die Here te vrees en om bang te wees vir Hom. Die gelowige 'vrees' God soos 'n kind sy vader respekteer. Die goddelose is bang vir God soos wat 'n oortreder bang is vir die regter. 'n Getroue eggenoot het respek en eerbied vir sy huweliksmaat om haar nie teleur te stel, te verontreg of pyn aan te doen nie, omdat hulle mekaar liefhet. Dit is hier waar liefde en 'vrees' (eerbied) saamwerk.

Om oor na te dink: Hoe beleef jy jou verhouding met die Here? Voel jy dat jy nie naby aan die Here is nie as gevolg van die een of ander gebeurtenis? Moontlik 'n groot teleurstelling soos 'n egskeiding of die dood van 'n gesinslid? Die Here stel waarlik nooit teleur nie, maar die gebroke wêreld waarin ons lewe, doen dit wel. Gebruik 'n bietjie tyd vandag om Hom aan te roep en oor hierdie dinge met Hom te praat. Vra dat Hy daardie eerste liefde wat jy vir Hom gehad het, sal herstel.

Gebed: God van heerlikheid, genees en herstel asseblief my hart. Help my om oor die seerkry van die verlede te kom. Ek begeer om U met my hele hart, siel en verstand en met al my krag lief te hê. Leer my die vrees van die Here.

Tierners wat bid: Gebed is makliker as jy dit neerskryf!

Waarom is dit goed om 'n gebedsjoernaal te hou? 'n Joernaal is nie 'n nuwe moet of wet nie; dit is slegs 'n praktiese manier waarop jy beter kan konsentreer en waarop antwoorde op jou gebede vir jouself en jou nageslag bewaar kan word. Gelowiges wat met 'n gebedsjoernaal werk, hou 'n geëerde Christelike tradisie in stand en hou ook so rekord van hulle eie geloof vir die volgende geslag! George Müller, 'n beroemde Engelse evangelis wat in die 1800e geleef het, was bekend vir sy gebedsjoernaal. Hy het sy gebede geboekstaaf en nooit ophou bid vir die versoeke wat hy daarin aangeteken het nie. Hy het eenvoudig volhard totdat hy 'n antwoord kon neerskryf. 'n Gebedsjoernaal is verder ook 'n manier om te onthou wat God gedoen het, wat Hy besig is om vir ons te doen en ook nog sal doen. Dit is handig om joernaal te hou en dit mag vir jou werk. Probeer om te joernaal, minstens vir 'n paar dae.

Fokus daardie dwalende gedagtes! Dit gebeur maklik dat 'n mens eers sit en broei oor probleme en daarna wil begin bid. 'n Gebedsjoernaal is 'n eenvoudige en betekenisvolle manier om 'dadelik te begin bid' terwyl jy die dinge wat in jou hart en gedagtes leef, neerskryf. Dit help jou om te fokus sodat jou gedagtes nie so dwaal nie.

Hou rekord! Hoe langer jy 'n gebedsjoernaal hou, hoe meer beantwoorde gebede sal jy aanteken. Met verloop van tyd sal jy 'n boek vol bewyse hê van die Here se getrouheid in jou lewe. Wanneer 'n mens tye van spanning en teleurstelling beleef, help dit om net weer deur 'n ou gebedsjoernaal te blaai. Dit bring weer hoop en vrede.

Kyk hoe die Here werk! Gelowiges wat 'n gebedsjoernaal hou, sien makliker hoe die Here hulle in spesifieke situasies gelei het. Omdat hulle hulle versoeke en God se antwoorde voor hulle het, kan hulle duidelik sien hoe die Here se planne dikwels anders en altyd beter as hulle eie is. 'n Deel van gebed is om te luister. As jy bv. ook gaan

naslaan en neerskryf wat God in Sy Woord oor jou situasie of probleem te sê het, sal dit makliker vir jou wees om te sien hoe die Here wil hê jy moet lewe.

Gee jouself tyd! Dit vra natuurlik 'n bietjie dissipline om in die gewoonte te kom om 'n gebedsjoernaal te hou, maar moenie te gou moed opgee nie. Jy sal gou ontslae raak van die frustrasie van dwalende gedagtes wanneer jy wil bid en jou Bybel wil lees!

Hoe om 'n Gebedsjoernaal te hou

Berei jou joernaal voor: Stap 1: Kry alles bymekaar wat jy nodig het: 'n Joernaal (dit kan 'n slapband skoolskrif wees), skryfgoed waarvan jy hou en jou Bybel. Stap 2: Dateer jou inskrywings. Jy kan bv. die inskrywings in twee afdelings verdeel: "Versoeke" en "Lofprysing/Dankie sê". Onder "Versoeke" skryf jy jou persoonlike en ander gebedsversoeke neer. Stap 3: Onder "Lofprysing/Dankie sê" skryf jy waarvoor jy dankbaar is en ook antwoorde op jou versoeke. Jy kan bid terwyl jy items neerskryf, of alles eers neerskryf en agterna oor alles bid. Stap 4: Laat plek oop onderaan van die bladsy of op die keersy van elke bladsy. Hier skryf jy die antwoorde op gebede neer, ook waarnemings en verse wat betrekking het op die situasies waarvoor jy bid, of notas uit dagstukkies. Hersien jou joernaalbladsy elke nou en dan en teken antwoorde en waarnemings aan.

Vind 'n stil plekkie waar jy kan stilword en fokus daarop om die Here se stem te hoor. Dit kan jou geliefde stoel wees, 'n restaurant, die strand of 'n park. Dit moet net 'n plek wees waar jy kan ontspan en niemand jou steur nie.

Begin met 'n nederige hart. Moenie sommer dadelik in jou joernaal begin skryf nie. Voordat jy 'n woord of datum neerskryf, neem eers jou Bybel en lees 'n paar verse om jou hart voor die Here rustig te maak. Laat Hy jou lei in die gebede wat jy neerskryf. Laat Hom toe om eers met jou praat.

Maak 'n lys: Nadat jy tyd met die Here deurgebring het, kan jy begin skryf. Moenie jaag deur net 'n lys te maak nie. Jy kan begin om eers jou gebede neer te skryf en dan 'n lys te maak van die dinge waaroor jy wil bid op 'n ander plek op die bladsy. (Website: http://www.go-journal.com).

Dink na oor dit wat jy geskryf het. Is daar enigiets anders waarvoor Hy wil hê jy moet bid? Luister weer mooi. Skryf enige ander gedagte neer.

Getuig: Vra die Heilige Gees om jou te herinner om, as daar geleenthede kom, te getuig van jou tyd met die Here - iets wat ander sal bemoedig. Doen dit versigtig sodat dit hulle sal bemoedig en nie sal afsit nie.

Maandag 5 Julie 2010

Gebedsfokus op redding: Verkeerspolisie

Bid vir die redding van verkeersmanne. Vra dat hulle hulle werk op 'n eerlike manier sal doen, nie omkoopgeld sal afdwing en nie die lewens van mense in gevaar sal stel nie. Bid ook vir hulle veiligheid teen roekelose bestuurders. Bid dat Christen-verkeerspolisie se getuienis daartoe sal lei dat ander lede van die verkeerspolisie Jesus Christus as hulle Here en Verlosser sal aanneem.

Gebedsfokus op die nasies: die Comore-eilande

Die regering doen spesifiek moeite om die guns van die Arabiese lande te wen, vir finansiële redes en om die land 'n "sterk" Moslemland te maak. "Maar ons God is sterker," sê een van die gelowiges. Laat ons die jong kerk ondersteun en versterk met konstante gebed vir hierdie land **(Hand.6:4)**. Dank die Here vir elke gebed wat verhoor is en vir die nuwe gelowiges wat nog groei in hulle verhouding met die Here Jesus.

Dinsdag 6 Julie 2010

Gebedsfokus op gesinne: Waar is die Pa's?

Daar is 1,8 miljoen vroue met kinders onder die ouderdom van twee jaar in Suid-Afrika en 64% van hulle is enkelma's. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Bid tot die Here vir kinders wat sonder 'n pa grootword, dat hulle in hulle daaglikse lewe tot 'n persoonlike verstaan van ons hemelse Vader sal kom. Bid ook dat die Here hulle paaie sal laat kruis met onbaatsugtige en nederige vaderfigure wat God se Vaderskap en vaderskapbeginsels vir hulle kan illustreer.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Indonesië

Kartidaya het 'n visie om teen die jaar 2015 die 75 Indonesiese taalgroepe te bereik wat nie die Bybel in hulle eie taal beskikbaar het nie. Bid tot God om kerke en gelowiges in Indonesië te beweeg om by hierdie visie aan te sluit; bid dat hulle meer betrokke sal raak by hierdie Groot Opdrag. Bid vir samewerking tussen die kerke en dat Christelike organisasies in Indonesië saam sal werk om mense vir Christus te bereik. (*Wycliffe International*. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 7 Julie 2010

Entstowwe kan 2,5 miljoen kinders red

Twee entstowwe, een teen die rotavirus en die ander 'n vyfdoelige entstof, kan moontlik die getal kindersterftes in die toekoms met 2,5 miljoen per jaar verminder. Immunisering met die rotavirus-entstof kan ernstige vorme van diarree voorkom. Die entstof bied beskerming teen verskeie infeksies, naamlik witseerkeel, klem-in-kaak, griep en polio. 'n Ander entstof om kindersterftes te voorkom is in April bekend gestel. Die pneumokokkus-entstof beskerm teen pneumokokkus-infeksies soos longontsteking en breinvliesontsteking. (Webwerf: http://health.iafrica.com/healthy_kids/1835121.htm). Dank die Here vir deurbrake van hierdie aard. Volhard met gebed vir mediese navorsing, dat die navorsers God se stem sal hoor en dat hulle medisyne en entstowwe sal ontwikkel wat kindersterftes oor die volgende tien jaar vinnig sal verminder.

Gebedsfokus op Rusland: Aborsies

Ongeveer 13 000 mense sterf daagliks (net meer as 4,5 miljoen per jaar) in Rusland as gevolg van die groot getal jong vroue wat aborsies by klinieke ondergaan. (Dit word as 'n rekord beskou as een miljoen babas per jaar gebore word – wat beteken dat die Russiese bevolking vinnig besig is om te krimp!) Bid asseblief vir Christendokters en -verpleegsters wat staan teen aborsie, dat hulle vir dokters en verpleegsters die waarheid oor lewe in die baarmoeder uit 'n Bybelse oogpunt kan leer. Bid dat baie jong meisies hulle voorneme om 'n aborsie te ondergaan, sal heroorweeg en hulle kinders sal behou. Bid ook dat die groot armoede gebreek sal word en vir meer werksgeleenthede om 'n inkomste te verdien waarmee gesinne onderhou kan word. (Derick & Celeste de Klerk 300012, Russia, Tula, Prospect Leniena, Dom 52, KB39.Tel.: 7 4872 36 20 97. E-pos: sharathministries@gmail.com).

Donderdag 8 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Danksegging

Dank die Here vir baie gebede wat oor die afgelope maande verhoor is. Bid dat elke nuwe gelowige 'n Bybel sal ontvang voordat hy/sy terugkeer huis toe en ook 'n honger sal hê om die Bybel te lees en te bid.

Gebedsfokus op evangelisasie: *FEBA Radio* in Afghanistan

Daar bestaan 'n groot behoefte aan die evangelie in Afghanistan. Radioprogramme is daarop gerig om hoop te bring aan mense wat swaarkry as gevolg van moeilike omstandighede. Bid dat meer luisteraars by die *Dari*- en *Pashtu*-programme sal inskakel en kontak sal maak met *FEBA* se radiopersoneel. Bid dat baie mense as gevolg daarvan aangeraak en verander sal word. (*FEBA Radio SA*. Tel.: 012 335 5708/764. Webwerf: www.febaradio.co.za of e-pos: jpotgieter.febasa@corpdial.co.za).

Vrydag 9 Julie 2010

Gebedsfokus op die regering: 5de in Afrika

In die jongste assessering van Afrika-regerings in 2007/8 is Suid-Afrika vyfde geplaas uit 53 Afrika-lande. Die helfte van die tien lande wat die beste presteer het, is in Suider-Afrika. Die *Ibrahim Index* meet die lewering van openbare goedere en dienste aan landsburgers deur regerings en nie-regeringsinstansies deur middel van 84 regeringsaanwysers wat in vier oorhoofse kategorieë gegroepeer is, naamlik veiligheid en sekuriteit, deelname en menseregte, volhoubare ekonomiese geleenthede en menslike ontwikkeling. In die Suider-Afrikaanse groep is Suid-Afrika derde geplaas. (Webwerf: http://blogs.timeslive.co.za/hartley/2009/10/06/south-africa-is-fifth-in-2009-ibrahim-index-of-african-governance-full-text/). Dank die Here vir baie dinge in ons land wat reg verloop. Laat ons egter steeds volhard met gebed vir die regering op hierdie vier spesifieke terreine, dat hulle godvresende rentmeesters en regeerders sal wees tot voordeel van al die landsburgers.

Gebedsfokus op gesondheid: Malaria in Benin

Om die mure van hutte met stroke plastiek te bedek wat met insekdoder behandel is, kan 'n nuwe manier wees om malaria te beheer. Navorsing het getoon dat wanneer dit saam met muskietnette wat met insekdoder behandel is (ITN's) in hutte gebruik word, dié stroke alle muskiete doodmaak en muskietbyte heeltemal uitskakel. Die toenemende weerstandigheid wat by *Anopheles gambiae* (Afrika se belangrikste malariamuskiet) voorkom, is kommerwekkend. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/news/insecticide-wallpaper-lethal-to-malaria-mosquitoes.html). Dank die Here vir eenvoudige oplossings van hierdie aard. Hou aan bid vir 'n doeltreffende entstof en geneesmiddels vir malaria. Bid ook dat ITN's geen newe-effekte op die kinders of volwassenes sal hê nie.

Saterdag 10 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Bid vir 'n oes

Binne enkele dae kom die *Wêreldbekersokkertoernooi* tot 'n einde en sal mense begin terugkeer na hulle eie lande. Hou aan bid dat buitelanders geleenthede sal kry om die evangelie te hoor, dat hulle hulleself sal oopstel om te luister en vrae te vra, en hulle lewens aan Christus sal oorgee. Bid steeds vir die laaste wedstryde, dat daar goeie orde sal heers en dat niemand beseer sal word of sterf nie.

Gebedsfokus op straatkinders: Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)

Volgens 'n 2006-verslag van die *Human Rights Watch* bly 'n geskatte 30 000 kinders in die strate van Kinshasa, DRK. Ongeveer 70% van hulle is by hulle huise van towery beskuldig voordat hulle op straat beland het. (Webwerf: http://www.viva.org/uploadedFiles/Resources/Files/Prayer/10-10%20prayer%20guide.pdf). Bid volhardend tot God vir die kinders van ons tyd, vandag spesifiek vir die kinders in die strate van Kinshasa. Bid dat daar werkers in hierdie oes sal kom, dat baie lewens verander sal word en dat kinders die Here Jesus sal leer ken as die Een wat vir hulle sorg.

Sondag 11 Julie 2010

Die vrees van die Here is gekoppel aan GELOOF

Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam … Daarom het hy die ark gebou ... **(Heb.11:7).** Wanneer ons die heiligheid van God begin verstaan, sien ons duidelik ons eie sondigheid en wil ons dit graag regmaak. Ons 'vrees' God se heiligheid, maar vertrou en glo terselfdertyd in dit wat Jesus vir ons gedoen het aan die kruis. Die Here het in Sy groot wysheid die twee genades van geloof en vrees aan mekaar verbind. Vrees hou erns in stand en geloof hou blydskap in stand. Eerbied (vrees) vir die Here keer dat die Christen aanmatigend oppervlakkig raak, en God se liefde en genade keer dat hy in wanhoop versink.

Om oor te dink: Is jy bang om te doen wat God van jou vra? Is jy vol twyfel en klink dit vir jou te oorweldigend? Moenie dat vrees wat nie van God af kom, jou verhinder om groot dinge in Sy koninkryk te doen nie. Selfs as ons

foute maak, is Hy groter as ons foute en kan ons deur Hom oorwin. Gee jou hart vandag opnuut aan Hom en bid dan die volgende.

Gebed: Vader, ek gee my hart aan U, ek gee my siel oor aan U. Ek wil met elke asemteug net vir U lewe. Here, laat U wil met my geskied. Vervul my hart met geloof, leer my die vrees van die Here.

Maandag 12 Julie 2010

Gebedsfokus op redding: Vlieëniers

Dra alle Suid-Afrikaanse vlieëniers wat nasionale en internasionale vlugte onderneem, in gebed aan die Here op. Bid dat Christen-kollegas openlik met hulle oor die evangelie sal praat. Vra dat hulle ontvanklik sal wees en Jesus sal aanneem en die Here deur hulle lewens sal verheerlik.

Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*: Gelowiges in Egipte buite kerk vermoor

Koptiese Christene maak ongeveer 'n tiende van Egipte se bevolking van 80 miljoen uit. Terwyl gelowiges 'n Kersnagdiens in 'n dorp 65 kilometer vanaf Luxor verlaat het, is daar met geweervuur op hulle losgebrand. Sewe mense is dood en tien is beseer. Baie Christene is sedertdien geteister en gearresteer, dikwels sonder enige aanklag teen hulle. (*NewsBytes* - Januarie 2010. E-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Bid asseblief sonder ophou vir Christene in geslote lande. Bid dat hulle geestelik sal groei en dat hulle krag sal ontvang om staande te bly te midde van vervolging.

Dinsdag 13 Julie 2010

Gebedsfokus op dwelmmisbruik: Suid-Afrika

'n *VN*-verslag dui aan dat ongeveer 8% van Suid-Afrikaners dagga rook (twee maal soveel as die wêreldgemiddeld van 4%). Bykans 240 000 Suid-Afrikaners gebruik gereeld kokaïen, 270 000 gebruik tik en ongeveer 1,8 miljoen is verslaaf aan alkohol. (Webwerf: http://blogs.timeslive.co.za/hartley/2009/02/20/south-africa-is-the-marijuana-capital-of-the-world/). Dank die Here vir talle dwelmnetwerke wat die afgelope jaar aan die kaak gestel is. Hou aan bid dat dwelmverslaafdes Jesus sal ontmoet, vrygemaak sal word van verslawing en sal leer om nuwe keuses vir hulle lewens te maak.

Gebedsfokus op evangelisasie: Guinee-Bissau

Die Guinese personeel van *Wycliffe Bybelvertalers* is vasbeslote om die vertaling- en geletterdheidsprojekte vir die oorblywende tale wat 'n behoefte daaraan het, te voltooi. Die *JESUS Film* is reeds in vyf tale oorgeklank: Papel, Balante-Nhacre, Manjaku, Mancagne en Bijago. Dank die Here vir al die persone wat gewillig is om die taak van vertaling op hulle te neem. Hou aan bid vir die voortgesette gebruik van hierdie films sodat mense se lewens daardeur verander sal word. Dank die Here ook vir die vertaling van die Evangelie van Lukas, wat in 'n verdere vier tale voltooi is en vir vordering met die voorbereidings om die *JESUS Film* ook in hierdie tale op te neem. (Wycliffe Prayer Focus Bulletin. Webwerf: http://www.wycliffe.org/pray.aspx of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 14 Julie 2010

Gebedsfokus op gebedsmobilisering: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vir die verskillende projekte van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* oral in die land. Bid dat meer individue en groepe sal aansluit en begin saambid en ook sal inteken op die Jerigo Mure gebedsgids en die weeklikse *Global Prayer Alert* om op hoogte te bly met nuus en gebeure rakende gebedsaksies. Bid dat die Here meer gebedskoördineerders dwarsdeur die land sal oprig wat mense in hulle dorpe en stede sal aanmoedig om saam te bid. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op die nasies: Herlewing in Algerië
Nieteenstaande wette teen bekering is Moslems in die noorde van Algerië besig om hulle tot Jesus te bekeer in wat as 'n verstommende werking van die Heilige Gees bestempel word. *Operasie- Mobilisasie VSA* (*OM*) berig: "Ons het kerke wat binne 'n jaar met 820% gegroei het. Baie nuwe gelowiges kom uit Islam sonder enige Christelike erfenis, Christelike agtergrond, bronne of onderrig; hulle glo bloot net in God." In die Kabyle-gebied is daar 'n kerk in elke dorp en stad. Een dorpie het meer kerke as moskees! Met al die nuwe Christene is onderrig nodig. Bid asseblief dat God sal voorsien en werkers sal roep om in hierdie oes te kom werk. Prys Sy Naam vir die belangrike deurbrake in hierdie land in antwoord op baie gebede. (*Operation Mobilization* USA, P.O. Box 444, Tyrone, GA 30290. Webwerf: www.omusa.org of e-pos: info@usa.om.org).

Kinders wat bid: Wie is die Here regtig?

Ons weet nie hoe die Here lyk, omdat ons Hom nie kan sien nie! 'n Rede daarvoor is omdat God Gees is. Ons weet wel dat ons na Sy beeld gemaak is. Dis hoekom ons aan Hom dink as 'n mens. Maar God is Gees en niemand het Hom nog gesien nie. Jy kan Hom nie sien soos jy jou ouers of jou vriende kan sien nie. Hoe kan ons weet of Hy regtig bestaan en hoe Hy is? Die antwoord is maklik. Ons kan die Bybel glo.

Wanneer jy die Bybel begin lees en glo wat daar staan en Jesus vra om ook jou Redder te wees, kom jy agter dat Hy regtig daar is. Dat Hy bestaan. En ons glo dat Jesus vir ons sonde betaal het. En dat ons met Hom kan praat. Ons kan Hom ook vertrou. Hoekom? Omdat die Bybel, wat die Waarheid is, vir ons leer dat Hy getrou is. Hy is betroubaar. Dit is deel van Sy karakter, deel van 'hoe Hy is'. Hy het ook ander wonderlike dinge wat Hy is – ander karakter-eienskappe. En met God is dit belangrik om die woord "altyd" te onthou. "Altyd" beteken ewig. Die Here het altyd bestaan en Hy sál altyd bestaan. Hier is 6 belangrike dinge om te onthou oor wie die Here is, m.a.w. Sy karakter.

1. Die Here is **altyd** teenwoordig. Dit beteken die Here is orals op dieselfde tyd. *Dankie Here dat ek enige plek en enige tyd kan bid. As ek eensaam voel, help my om te onthou dat U by my is, nader as my ma en pa of my maats.*

2. Die Here is **altyd** magtig. Hy kan alles doen, niks is vir Hom onmoontlik nie. *Dankie Here, dat U altyd my gebede beantwoord, al sê U soms nee. Omdat U die beste weet. Kom doen asseblief die dinge wat ek nie kan doen nie.*

3. Die Here weet **altyd** alles. Die Here weet alles, selfs voordat dit gebeur het. *Dankie Here dat ek vrede en die vertroue kan hê dat U in beheer is van alles wat in my lewe gaan gebeur.*

4. Die Here is **altyd** regverdig. Hy doen net wat reg en regverdig is. *Dankie Here dat ek op U kan vertrou om my te help wanneer ek nie weet wat die regte ding is om te doen nie. Doen asseblief in my lewe wat die beste in U oë is.*

5. Die Here is **altyd** heilig. "Heilig" beteken "volmaak". Die Here sondig nooit. *Dankie, Here, dat U nooit 'n fout maak wanneer U my gebede hoor of antwoord nie. Ek wil ook altyd heilig wees. Maak my heilig soos U heilig is.*

6. Die Here is **altyd** goed. Sy planne vir jou lewe is die beste. *Dankie Here dat U in alle omstandighede dinge uitwerk vir die beste. Help my om na omstandighede te kyk soos U daarna kyk.*

Kan jy aan ander eienskappe van die Here se karakter dink wat nie op die lys is nie? Maak jou eie lys. Maar bo alles onthou om elke dag vir Hom dankie te sê, dat Hy regtig is en dat Hy orals is, ook nóú op hierdie oomblik bý jou!

Donderdag 15 Julie 2010

Gebedsfokus op mensehandel: Drie prosesse begin

In September 2009 het 'n breë alliansie van 18 Christelike organisasies kragte saamgesnoer om mensehandel en die wettiging van prostitusie in Suid-Afrika te beveg. Drie hoofgroepe is tot stand gebring om die proses te behartig: (1) die *Fokusgroep vir die Openbare Bewusmakingsveldtog*: Bid vir hulle taak om 'n veldtog van openbare bewusmaking in die media te voer sodat die publiek gewaarsku, ingelig en opgevoed kan word t.o.v. mensehandel en prostitusie. (2) Die *Fokusgroep vir die Bediening aan Prostitute*: Bid vir hulle werk saam met kerke om bedieningspanne op die been te bring en op te lei om na prostitute uit te reik en hulle te help om uit hierdie skadelike "beroep" wat hulle slegs uitbuit, te ontsnap. (3) Die *Fokusgroep vir Krisissentrums en Veilige Huise:* Bid vir wysheid, fasiliteite en toerusting vir mense wat uit hierdie 'beroep' wil ontsnap. (*Family Policy Institute,* Parlementstraat 49, Kaapstad 8001. Tel.: 021 462 7888 of faks: 021 462 7889. Webwerf: http://www.familypolicyinstitute.com/ of e-pos: info@familypolicyinstitute.com).

Gebedsfokus op die nasies: Die Boesmans van Namibië

Die Boesmans glo in 'n mitiese wese (deels bedrieër, deels skepper) wat baie goeie dinge kan doen, maar mense ook kan verkul. Die San-Boesmans van die Kalahari huldig soortgelyke opvattings en vereer 'n belangrike en 'n minder belangrike god. Eersgenoemde word geassosieer met die lewe en die opkomende son, en laasgenoemde met siekte en die dood. Hulle glo dat geboorte, dood, geslag, reën en die weer alles 'n bonatuurlike betekenis het. Mense wat reeds dood is, glo hulle kan steeds 'n invloed op die lewendes uitoefen. Wanneer 'n sjamaan of toordokter sterf, is die mense baie bang dat sy gees moontlik 'n gevaar vir die lewendes kan inhou. Bid vir die Boesmans van Namibië en veral vir die kinders en tieners, dat hulle hulle identiteit in Jesus Christus sal vind en uit hulle tradisionele okkultiese praktyke verlos sal word. (Webwerf: http://www.joshuaproject.net/peopctry.php?rop3=107050&rog3=WA).

Vrydag 16 Julie 2010

Gebedsfokus op onderwys: Uitvalkoers

Jong mense uit die arm en werkersklas kry moeilik toegang tot inrigtings vir hoër onderwys. Tydens vanjaar se registrasietyd het baie desperate jong mense gesukkel om by hoëronderwysinstansies vir hulle studierigting te registreer. Die gehalte van skoolonderrig en die groot aantal studente wat uitsak, bly kommerwekkend. Studente-ondersteuning en die maatskaplike en lewensomstandighede van studente is belangrike fasette wat hier in aanmerking geneem moet word. (Webwerf: http://www.anc.org.za/). Bid vir jong mense uit arm huise en gemeenskappe, dat hulle hulle studies sal kan voortsit en hulle hoër onderrig sal kan voltooi. Bid dat hulle basiese lewensmiddele en geriewe sal hê sodat hulle aandag aan hulle studies kan gee.

Gebedsfokus op die nasies: Die Toeareg van die Wes-Sahara

Alhoewel daar 'n paar Christene onder die Toeareg is, het die meeste nog nooit die evangelieboodskap gehoor nie. Dié woestyngebied is die tuiste van die "vegters van die blou sluier": die Toeareg ("deur God verlaat") is 'n nomadiese volk. *Transwêreldradio* saai nou *OneStory*-episodes uit in die Tawallamet-dialek van die Tamajaq. Omdat daar geen Skrifgedeeltes in die Tawallamet-dialek bestaan nie, sal die stories 'n klankbybel vir die Toeareg wees. Bid dat die Toeareg deur middel van hierdie programme sal besef dat die Here hulle nie opsy geskuif het nie en dat dit net Jesus Christus is wat hulle kan vrymaak. (*Transwêreldradio-SA*. Tel.: 011 974 2886 of faks: 011 974 9960 of sel: 083 387 3037. Webwerf: www.twr.org.za of e-pos: ddupreez@twr.org.za. Luister na *TWR* op DStv radiokanaal 155).

Saterdag 17 Julie 2010

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* Dank die Here

Dank die Here vir sy verhoring van duisende gebede die afgelope maande. Loof Hom vir mense wat Christus gevind het, en bid gereeld dat hulle geestelik sal groei. Bid ook dat alle betrokkenes hulle uitstaande rekenings sal betaal sodat die ekonomie versterk kan word en reeds vanjaar nog voordeel uit dié gebeurtenis kan trek.

Gebedsfokus op die nasies: Australië

In 'n onlangse opname het 40% van Australiërs verklaar dat hulle ''n geloof beoefen' en 57% het gesê dat hulle by geleentheid bid. Van hierdie groep bid 29% elke dag. In moeilike tye en krisisse sal 63% hulle na hulle lewensmaats of gades wend vir ondersteuning. Meer as 'n kwart sê hulle sal die Here om hulp vra, terwyl 27% geen godsdiens beoefen nie. (*NewsBytes* - Januarie 2010. E-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Dra die mense van Australië in gebed aan die Here op. Bid dat elke individu 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus self sal hê en sal besef dat Hy alleen die Weg, die Waarheid en die ewige Lewe is.

Sondag 18 Julie 2010

Daar is 'n verband tussen die vrees vir die Here en WAAKSAAMHEID

Hy wat die Here vrees, is waaksaam en opreg (**Matt.10:16**). Die skerpsinnige mens sien die boosheid en vermy dit; die eenvoudige gaan reguit voort en kom in die moeilikheid (**Spr.22:3**). Die vrees vir die Here (heilige vrees) maak jou nie swak nie, dit maak jou waaksaam en versigtig.

Om oor na te dink: Dink oor die manier waarop jy elke dag besluite neem. Vra jy die Here se advies? Ervaar jy duidelik Sy leiding in moeilike situasies by jou werk en in jou lewe? Om al hierdie sake aan Sy leiding te onderwerp kan in die oë van die wêreld as swakheid gesien word, maar in die gees openbaar dit vrees vir die Here en eerbied vir Sy Naam. Vra Hom om jou daaraan te herinner en om jou te leer hoe om in alle situasies op 'n godvresende manier op te tree.

Gebed: Vader God, leer my 'n heilige vrees vir die Here wat my vyande sal laat terugdeins vir U teenwoordigheid in my lewe.

Maandag 19 Julie 2010

Gebedsfokus op redding: Soldate

'n Aansienlike getal Suid-Afrikaanse manskappe doen diens as soldate in ander lande, o.a. in Soedan. Dra hulle en hulle gesinne deur gebed aan die Here op. Bid dat hulle nie onverskillig sal wees nie, maar dat elkeen sy saak met God sal regmaak. Bid dat hulle getuienis oor Jesus ook die harte van mede-soldate sal aanraak sodat hulle Hom ook sal wil volg.

Gebedsfokus op gesondheid: Rotavirus-entstof

NEJM-studies – in Malawië, Meksiko en Suid-Afrika het bevestig dat die rotavirus-entstof diarree en sterftes in arm lande voorkom. As dit wêreldwyd by inentingsprogramme ingesluit word, kan dit die lewe van miljoene kinders in die ontwikkelende wêreld red omdat die rotavirus die hoofoorsaak van ernstige diarree by kinders in sowel ontwikkelde lande as ontwikkelende lande is. Ontwikkelende lande sal egter baie probleme hê om die entstof te begin toedien, nuwe infrastrukture is nodig; uitklaar van die verskaffingslogistiek, opleiding van verpleegsters, aankoop van yskaste, ens. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/news/rotavirus-vaccine-could-save-millions-of-lives.html). Dank die Here vir hierdie navorsing. Hou aan bid vir die implementering van die inenting en vir die Here se voorsiening vir al die praktiese uitdagings.

Dinsdag 20 Julie 2010

Gebedsfokus op enkelouers

Daar is 6,6 miljoen enkellopende volwassenes in Suid-Afrika wat geen persoonlike inkomste het nie. 'n Kwart van hulle het jong of ongetroude kinders. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Bid asseblief ernstig vir hierdie enkelouers, hulle kry báie swaar. Bid dat hulle 'n sinvolle manier sal vind om 'n inkomste te verdien sodat hulle hul kinders kan onderhou. Bid asseblief dat ouers wat hulle kinders verwerp het, weer hulle verantwoordelikheid vir die versorging van hulle kinders sal aanvaar.

Gebedsfokus op gesondheid: Nanofiltreerder sorg vir skoon water

Die Nanofiltreerder behoort genoeg skoon water vir 'n gesin vir 'n hele jaar te kan lewer. 'n Bekostigbare, kompakte watersuiweraar wat in Indië bekend gestel is, kan miljoene sterftes as gevolg van siektes wat deur water oorgedra word, voorkom. Die *Tata Swach* (Hindi-woord vir 'skoon') waterfiltreerder bestaan uit 'n 19 liter-plastiekhouer en het 'n lewensduurte van 3,000 liter. Die filtreerder vereis nie lopende water, elektrisiteit of die kook van water nie. Dit gebruik die as van rysdoppe, 'n neweprodukt van die rysbedryf, as 'n raamwerk waarop silwernanopartikels (wat bakterieë vernietig) geplaas word. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/features/nano-filter-could-deliver-big-results-on-clean-water.html). Loof die Here vir uitvindings soos hierdie in antwoord op gebede oor siektes. Bid dat Christene ook van hierdie oop deur gebruik sal maak om die evangelie aan verarmde gemeenskappe te bring.

Gebedsfokus op Israel om terug te keer na God

Deur die eeue het 20 Julie 'n belangrike datum in Israel geword omdat baie rampe deur hulle geskiedenis op hierdie datum plaasgevind het. Hieruit het 'n tradisionele geloof ontstaan dat die Heilige Een gekies het om toe te laat dat daar op hierdie dag oordele oor Sy volk uitgemeet word. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerwe: http://www.cfijerusalem.org/ of http://ohr.edu/yhiy/article.php/1088 of e-pos: allwiese@lantic.net). Bid asseblief vandag vir die Israeli-nasie, dat hulle hulle tot God sal wend en Jesus as Messias sal erken en aanneem.

Woensdag 21 Julie 2010

Gebedsfokus op padveiligheid: Minibustaxi's

Baie gebruikers beskou taxi's as onveilig en dat hulle passasiers uitbuit. Minibustaxi-bestuurders bestuur ook onverskillig en ry dikwels vinniger as die spoedbeperking ten einde reistyd te verminder en om meer ritte te kan onderneem, soms met noodlottige gevolge. (Webwerf: http://www.arrivealive.co.za/pages.aspx?i=2850). Bid asseblief vir verantwoordelike ingryping van regeringskant met betrekking tot die padwaardigheid en gebruik van hierdie voertuie. Bid ook vir taxibestuurders en taxi-eienaars; dat die Here hulle harte sal aanraak en hulle in Sy Koninkryk sal inbring. Bid ook vir taxi-gebruikers wat afhanklik van hierdie vervoer is en kort-kort slagoffers is van roekelose optrede deur taxi-bestuurders.

Gebedsfokus op die nasies: Die Bench-mense van Ethiopië

Die Bench-mense van Ethiopië is besig om in groepe bymekaar te kom om na die evangelie te luister. Om die Woord van God in hulle eie taal te hoor verander hulle harte en lewens. As gevolg van die lae geletterdheidsvlak en ander probleme het baie nie voorheen toegang tot die evangelie gehad nie. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*. Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Dank die Here vir hierdie deurbraak. Bid dat die nuwe gelowiges dissipels sal word sodat hulle die boodskap kan versprei en dat baie mense hulle lewens aan die Here Jesus Christus sal oorgee.

Donderdag 22 Julie 2010

Gebedsfokus op die ekonomie: Afwesigheid van werk

Beroepsorg Suid-Afrika (*BSSA*) beraam dat werknemers wat afwesig is by die werk die Suid-Afrikaanse ekonomie ongeveer R12 miljard per jaar kos. (Eighty20 Fact a Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za of e-pos fact.a.day@eighty20.co.za). Bid dat elke persoon wat werk het, die Here daarvoor sal dank en die werk waarvoor hulle betaal word, behoorlik en getrou sal doen. Bid dat die Heilige Gees diegene wat gereeld onder valse voorwendsels van die werk af wegbly, van hulle sonde sal oortuig.

Gebedsfokus op kinders: Guatemala

'n Onlangse verslag toon dat meer as tien kinders weekliks in Guatemala sterf as gevolg van geweld (52% as gevolg van skietwonde!). Bendekulture en dwelmafhanklikheid kom algemeen voor, en die gemiddeld van 17 moorde per week landwyd word hoofsaaklik aan jeugbendes en georganiseerde misdaad toegeskryf. Ongeveer 29% van kinders tussen die ouderdomme van 5 en 14 jaar is ook betrokke by kinderarbeid en moet onder moeilike en gevaarlike omstandighede werk. (*Children at Risk Prayer News*. Webwerf: http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org). Bid vir die kinders van Guatemala. Bid dat God sal ingryp en tot hulle redding sal verskyn. Vra dat hulle beskerm sal word en dat daar 'n daadwerklike ommekeer in hulle lewensomstandighede sal kom sodat hulle normale kinderlewens sal kan lei. Bid ook vir werkers in hierdie oes en dat Christene in hierdie land sal begin om te bid en dag en nag tot God sal roep totdat Hy uitkoms gee.

Vrydag 23 Julie 2010

Gebedsfokus op gesondheid: Die persentasie professionele gesondheidswerkers t.o.v. die bevolking

Volgens die *Economist Pocket World in Figures 2009* is daar agt dokters per 10 000 lede van die bevolking in Suid-Afrika. Die VSA het 30 en Australië 25 dokters per 10 000 inwoners. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za/blog/2010/01/civilian-unrest/#comments of e-pos: fact.a.day@eighty.co.za). Bid dat meer professionele gesondheidswerkers jaarliks in die land opgelei sal word. Bid ook vir dié wat praktiseer, dat hulle tyd sal hê om te rus en steeds toegewyd sal bly nieteenstaande die omstandighede.

Gebedsfokus op moeders: Soedannese vroue

Islam is geneig om toegeefliker teenoor mans te wees as teenoor vroue. Die meeste vroue werk nie en kry ook dikwels nie dieselfde blootstelling aan die evangelie as mans nie. Daar is egter hoop: Twintig jaar gelede was dit ongewoon om vroulike motorbestuurders te sien, maar vandag is hulle oral. Die meerderheid studente aan universiteite is vroue. Dank die Here vir die beantwoording van baie gebede vir vroue, veral in 'n geslote land soos Soedan. Bid asseblief vir Soedannese moeders. Bid dat vroue na Christus sal kom en dat hulle hulle kinders sal leer om dit ook te doen. Bid dat inisiatiewe wat onlangs geloods is, die vroue sal bereik. (Bron: Etrisia Lillie, webwerf: www.sudanpartners.org, e-pos: etrisia@sudanpartners.org).

Saterdag 24 Julie 2010

Gebedsfokus op tieners: Swangerskappe

Daar is 42 000 meisies tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar in Suid-Afrika wat nie skoolgaan nie omdat hulle swanger is. Verlede jaar was die getal 35 000. (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty.co.za). Laat ons volhard om spesifiek vir hierdie situasie te bid. Vra dat ouers groter beheer oor hulle tieners se kom en gaan sal uitoefen en betrokke sal wees by hulle kinders se lewens. Bid ook dat jong mense hulle ware identiteit in die Here Jesus sal vind en nie by seksuele bedrywighede betrokke sal raak nie.

Gebedsfokus op die nasies: Die her-opbou van Haïti

Die *Verenigde Nasies* (VN) se *Cash-for-Work* program is geleidelik besig om vordering te maak met die her-opbou van Haïti se infrastruktuur - 'n toenemende gedeelte van die bevolking (ongeveer 30 000 in Februarie) het ook al weer begin werk. Werkers word 'n daaglikse loon betaal om rommel en afval uit die strate te verwyder. Die

skoonmaakproses, wat maande sal duur, verskaf 'n loon van vier dollar per dag plus 'n maaltyd. Die *VN* se skema beoog om tydelike werk te verskaf aan die land se werkloses. (Webwerf: http://www.sabcnews.com, February 2010). Dank die Here vir hierdie maatreëls wat hoop verskaf aan die swaar geteisterde mense. Bid vir nog projekte sodat mense kan voortgaan om vir hulle gesinne te sorg.

Sondag 25 Julie 2010

Die vrees van die Here is gekoppel aan HOOP

Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op Sy mag vertrou (**Ps.33:18**). Onheilige vrees vernietig hoop. Godvresendheid voed hoop, soos olie 'n lamp voed – dit hou dit aan die brand. Namate ons toenemend regmaak wat verkeerd is, en in liefde, waarheid en geregtigheid lewe, groei ons in ons verhouding met God en kom daar toenemende vrymoedigheid met en terselfdertyd respek vir God

Om oor na te dink: Mense voel dikwels of hulle hart binne-in hulle doodgegaan het. Het jy hoop verloor? Dink na oor jou lewe – watter hoop het jy gehad? Het dit die Here ingesluit? Bid tot die Heilige Gees dat Hy jou sal lei om te weet wat gebeur het dat jy hoop begin verloor het. Moenie haastig wees nie, maak seker dat jy Sy stem hoor.

Gebed: Vader van ons Here Jesus Christus, herstel asseblief die hoop van my roeping in Christus. Wys my hoe om op U onwankelbare liefde te hoop – meer as op wat mense belowe en wat geld kan koop.

Maandag 26 Julie 2010

Gebedsfokus op redding: Doeanepersoneel

Bid vir die doeanepersoneel by alle lughawens, hawens en by alle toegangspunte in Suid-Afrika. Bid vir geduld, kennis, eerlikheid en goeie verhoudings met kollegas. Bid dat hulle ontvanklik sal wees vir die evangelie van Christus en dat Christen-personeel hul verantwoordelikheid sal opneem om in te tree vir ander.

Gebedsfokus op kinders: Bid vir die weeskinders van die Tanganjika-meer

Hierdie kinders is ondervoed en verwaarloos. Drie *OM* Zambiese onderwysers onderrig 60 weeskinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar. Bid dat die kinders fisies, emosioneel en geestelik deur middel van onderrig met 'n Bybelse grondslag sal groei en Jesus sal leer ken. Bid dat die gemeenskap getransformeer sal word namate die kinders 'n lig in hulle uitgebreide families word. Vra vir die voorsiening en opleiding van toekomstige Christen-onderwysers uit die gemeenskap wat deur 'n hart vir God en Sy kinders gemotiveer word. (*ProChristo Good News II Ministry*. Tel.: +26097 719 9322. Webwerf. www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).

Dinsdag 27 Julie 2010

Gebedsfokus op gevangenisse: Oorbevolking aan die afneem

Alhoewel oorbevolkingsgetalle in Suid-Afrikaanse tronke besig is om te daal, is die situasie nog steeds nie bevredigend nie. Sedert Junie 2009 is 160 000 gevangenes in die 273 tronke in die land geakkommodeer, wat slegs voorsiening maak vir 115 000 gevangenes. (Webwerf: http://www.sabcnews.com). Dank die Here vir die afname in hierdie getalle in antwoord op gebede. Hou aan om vir hierdie situasie te bid. Bid ook dat Christen-gevangenes guns sal hê by mede-gevangenes en personeel en hulle na die Here sal kan lei.

Gebedsfokus op die nasies: Die Herero van Namibië

Daar is verskeie bevolkingsgroepe in Namibië met klein groepies Christene. Een van hierdie groepe is die Herero. Die Herero-bevolking (ongeveer 100 000) van die sentrale en oostelike gebiede van Namibië handhaaf steeds stamtradisies. Vandag kombineer hulle Christelike lering met voorvaderaanbidding en toordery-seremonies. Dit het negatiewe gevolge en berokken hulle baie skade. Dit is 'n ryp oesland en vrugbare grond, maar daar is nie baie vrywilligers wat hulle besoek, voldoende leierskapsopleiding of gebedsondersteuning nie. (Webwerf: http://www.baptistsupport.com/tgg/tgg-13-page.php?action=view&userid=2). Bid spesifiek vir die Herero-

bevolkings, dat hulle 'n openbaring van die Here Jesus sal ontvang wat hulle sal oortuig om die aanbidding van voorvaders en ander seremonies te laat vaar.

Nasionale fokus: Mensehandel

Mensehandel is die industrie wat wêreldwyd vinniger as enige ander kriminele bedryf groei en is tans ook een van die grootste probleme in Suid-Afrika, veral in die lig van die naderende *Wêreldbekersokkertoernooi.* Waaroor is die bohaai? **Mensehandel** is nie net die uitbuiting van 'gewillige' mense as prostitute nie, maar blatante, doelbewuste ontvoerings waar mense op een of ander manier met valse beloftes uit hulle huise, hulle lande van geboorte weggelok word en waar hulle dan gedwing word om onbetaald of teen ‘n baie lae besoldiging te werk. (Paspoorte word bv. van hulle afgeneem). Slagoffers van mensehandel word gebruik in ‘n verskeidenheid ‘beroepe’ soos prostitusie, kinderarbeid, skuldarbeid (afwerk van skuld sonder betaling) of ander vorms van ongeskoolde dwangarbeid. Die handel en verkoop van babas en kinders vir aanneming of om ander redes val ook binne hierdie kategorie van handeldryf.

Mensehandel tydens die *Wêreldbekersokkertoernooi*

Die mees algemene vorm wat mensehandel waarskynlik gedurende die volgende maande in Suid-Afrika gaan aanneem, is prostitusie en die aktiwiteite van “sekswerkers”. Jong meisies van selfs 10 -11 jaar en ouer word gebruik as sekswerkers en kan tot 10-20 kliënte per 24 uur hê. Baie van hulle word letterlik gedwing om dwelmslawe te word (sien die film 'Taken') sodat hulle eienaars beheer oor hulle kan hê. Dikwels word jong meisies, en selfs seuns, deur verarmde ouers vir ‘n klein bedraggie verkoop. Daar word bereken dat 40 000 sekswerkers gedurende die *Wêreldbekersokkertoernooi* van 2006 in Duitsland, uit ander lande ingevoer is. Ons staan hierdie jaar voor dieselfde reusagtige probleem. Talle jong meisies word deur sindikate as sekswerkers gekontrakteer vir die *Wêreldbekersokkertoernooi* om as sekswerkers te dien. Hoe ongelooflik dit ook mag klink, is daar reeds berigte van 2-4 jarige dogtertjies wat verkoop is vir die komende *Wêreldbekersokkertoernooi*.

Hierdie soort mensehandel vernietig jaarliks miljoene lewens. Een verslaggewer skryf: *Tydens ‘n drieweke lange ondersoek in mensehandelsindikate wat naby twee stadions opereer, het ek op ‘n winsgewende onderneming in kinderseks afgekom. Kinders word gekoop vir ‘n eenmalige bedrag van R350-00 en bring meer as R4500-00 per nag vir hulle eienaars in. “Ek sien regtig uit daarna om meer besigheid gedurende die Wêreldbekersokkertoernooi te doen,” het ‘n mensehandelaar gesê. Ons het by sy basis gestaan in Port Elizabeth wat uitkyk oor die nuwe Nelson Mandela Stadion. Hy het reeds goeie besigheid gedoen onder die stadion se konstruksiewerkers.*

Ten spyte van meer as ‘n dosyn internasionale konvensies wat die afgelope 150 jaar slawerny verban het, is daar vandag meer slawe as op enige tydstip in die mens se geskiedenis. Slawe is mense wat gedwing word om dienste te lewer waarvoor hulle so min betaal word dat hulle net-net kan oorleef, ter wille van die wins vir hulle eienaars wat hulle aanhou met bedrog en geweld. Terwyl Suid-Afrika miljarde belê het om sy infrastruktuur voor te berei vir die half miljoen besoekers wat verwag word, is tienduisende kinders verstrengel in seksuele slawerny en is diegene wat hulle as seksslawe uitbuit vir eie gewin, ook besig om ywerig vir die *Wêreldbekersokkertoernooi* voor te berei.

Kan gebed enigiets verander?

'n Mens voel letterlik siek wanneer jy hierdie goed lees, maar ons kan bid. God kan ingryp - God wil ingryp!

- Hier is ‘n paar bemoedigende getuienisse. In Athene, Georgia en in die VSA het God ingegryp toe die gemeenskap 24/7 begin bid het. ‘n Asiatiese masseersalon wat waarskynlik as front gedien het vir mensehandel, het onverwags toegemaak en ‘n Meksikaan is aangekla van handeldryf met jong meisies vanaf Meksiko na Atlanta vir prostitusie. Hy het skuld erken.
- In Kansas City, Missouri in die VSA, het ‘n helderrooi baksteengebou reg langs die *Kansas City Boiler Room* ‘n pornografiewinkel met die naam “Naughty but Nice” gehuisves. ‘n Week nadat inwoners begin bid het, is die

gebou met die grond gelykgemaak. Vir hulle was die vernietiging van hierdie gebou simbolies van God se hart.

- Nog ‘n verhaal kom van ‘n gebedsnetwerk in die VSA. ‘n Week nadat gemeenskappe begin bid het, het die nasionale nuusmedia berig dat 52 kinders gered is tydens ‘n klopjag op landswye sekshandelsindikate...
- Terwyl die Reading gemeenskap in Reading, VK, 24/7 gebid het, is ‘n man van die omgewing gearresteer wat verdink is van mensehandel vir seksuele uitbuiting en die bedryf van prostitusie vir winsbejag. Hoofopskrifte in die koerante het gelui: “Arrestasies volg op ondersoek in sekshandel”. God het hulle gebede beantwoord.
- Verlede jaar het die polisie in een van die townships in Suid-Afrika berig van ‘n oplewing in prostitusie, gesinsgeweld en ander tipes seksverwante geweld teenoor jong meisies en vrouens (in die spesifieke township). Onder leiding van 'n plaaslike biskop het ongeveer 2 000 kinders 2 ure per dag vir 5 dae lank gebid. En aan die begin van die volgende week het die polisie berig dat daar ‘n 70% afname in aangemelde gevalle was!

Hoe bid ek?

- Bid dat meer mense sal begin bid en waar moontlik, sal uitreik na mense wat betrokke is by mensehandel, die sekswerkers sowel as die sindikaatleiers.
- Bid vir gespesialiseerde wetgewing wat aan die polisie wetlike reg sal gee om teen hierdie soort geweld teenoor vroue en jong seuns op te optree.
- Bid dat mensehandel oopgevlek sal word en dat die bewuswording hiervan die publiek se aandag sal trek.
- Bid dat mense ‘n gebedsbanier sal ophou teen hierdie probleem in ons land.
- Bid dat die kerk na slagoffers van mensehandel sal uitreik met sensitiwiteit en groot deernis.
- Bid vir gemeenskapsgebaseerde projekte wat die probleem van mensehandel kan aanspreek in aktiewe gebiede – veral in die omgewing van die *Wêreldbekersokkerstadions*.
- Inligtingsmateriaal is beskikbaar vir plaaslike gemeentes; groot kerkprojekte, saam met lede van die taakmag wat dit fasiliteer, vind tans plaas in Oos-Europa, Indië, Kanada en Australië. Bid vir 'n groter bewuswording van kerke hieroor en vir die verspreiding van hierdie materiaal.
- Om mensehandel oor internasionale grense effektief aan te spreek, vereis samewerking tussen lande. Bid dat strukture opgerig sal word wat hierdie misdaad kan beveg.
- Kom ons bid volgens **Klaagliedere 2:18-19:** *Roep tot die Here, Sion, laat jou trane in strome vloei, dag en nag, moet jou nie rus gun nie, moenie dat jou oë verligting kry nie. Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate.*

Hoe kan jy betrokke raak en help?

Begin bid, saam met ander waar moontlik. Maak seker dat jy weet wat in ons land aangaan voordat jy jou kinders inskryf by organisasies soos model- of au pair-agentskappe, ens. Raak betrokke by projekte by jou kerk en gee ‘n deel van jou tyd en kennis vir die wat in nood verkeer. Besoek die volgende webwerwe vir meer inligting: www.justiceacts.org/www.anexcdw.org.za / www.straatwerk.org.za / www.avoiceforthevoiceless.co.za

(Gevolgtrekkings en gebedsriglyne in hierdie artikel weerspieël die standpunt van die skrywer en nie noodwendig dié van die bronne geraadpleeg nie.
Bronne: (Webwerf: http://www.reuters.com/article/pressRelease/idUS265569+29-Oct-2009+PRN20091029 en http://www.latimes.com/news/nationworld/nation/la-na-child-prostitution27-2009oct27,0,2692854.story asook http://www.readingchronicle.co.uk/news/roundup/articles/2009/10/29/42564-arrests-follow-sex-trafficking-probe/).

Woensdag 28 Julie 2010

Gebedsfokus op landsveiligheid: Polisiegetalle

Die verhouding van die aantal polisielede in Suid-Afrika tot die bevolking is 1:341 (een polisiebeampte vir elke 341 landsburgers). In die Limpopo provinsie is dit meer op 1:250, maar in die Noord-Kaap byna 1:195. (Webwerf:

www.saps.gov.za). Hierdie getal het sedert Januarie vermeerder met die oog op die *Wêreldbekersokkertoernooi* . Bid vir nuwe rekrute, dat nuut opgeleide polisielede Christus sal ontmoet, hulle werk sal behou en dat hulle veilig, gelukkig en doeltreffend in hulle werk sal wees. Bid dat hulle daagliks die krag van gebed in gevaarlike situasies sal ervaar en ook openlik daaroor sal getuig.

Gebedsfokus op die nasies: Die Khandelwals van Indië

Die Khandelwals van Indië (ongeveer 6 miljoen) het sowel Jain- as Hindoe-volgelinge in hulle geledere. Die Jains is pasifiste en streng vegetariërs. Hulle glo dat hulle siele deur hulle eie inspanning trapsgewys met 'n leer tot by God kan vorder. Die Jains is gewoonlik goed geletterd en goed opgevoed en beïnvloed die samelewing op alle vlakke; nogtans ken hulle nie die God van die heelal wat hulle van hulle sondes kan bevry nie. Bid dat God die oë van die Khandelwals sal oopmaak om te verstaan dat hulle Hom nooit op hulle eie sal vind nie - bid dat hulle na Hom sal roep. (Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Donderdag 29 Julie 2010

Gebedsfokus op misdaad: Misdaad hou nie verband met armoede nie

Die hoë vlakke van geweldsmisdaad in die land hou nie verband met armoede in munisipale gebiede nie, het die *SA Instituut van Rasseaangeleenthede (SAIRA)* bevind. In die Oos-Kaapse munisipaliteite met die hoogste moordsyfer, 54 moorde vir 100 000 mense, is die armoedevlak 62%. Limpopo-munisipaliteite het egter die laagste moordsyfer, maar ook 'n armoedevlak van 62%. Wes-Kaapse munisipaliteite het 'n hoë moordsyfer maar 'n lae armoedevlak van 27%.

(Webwerf: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=15&art_id=nw20100208115527389C935746). Bid vir die Here se genadige ingryping, veral dat die moorde en geweld sal ophou. Bid dat Christene hulle voor God sal verootmoedig en met vas en gebed sal intree totdat God antwoord.

Gebedsfokus op sending: *World Mission Centre & Live School*

Bid vir die Southern Africa *Live School* retreat wat in Zimbabwe gehou sal word en wat skoolfasiliteerders, geestelike leiers en studente uit nege lande in Suidelike Afrika byeen sal bring. Bid vir nuwe visie en ywer om terug te gaan en kerke in die moeilikste en mees afgeleë gebiede in Suidelike Afrika te plant. (Kontak Chrissie Naudé, tel.: 012 343 1165. Webwerwe: www.liveschool.org, www.worldmissioncentre.com of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Vrydag 30 Julie 2010

Gebedsfokus op die regering: Dienslewering

Ongeveer 82% van Suid-Afrika se bevolking het toegang tot gratis basiese waterdienste. Dit sal na verwagting in 2010/11 tot 95% styg en in 2011/12 tot 100% (nasionale Begroting 2009). (Eighty20 Fact-a-Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za/blog/2010/01/water-works/ of e-pos: fact.a.day@eighty.co.za). Dank die Here vir vordering op hierdie gebied. Volhard met gebed dat die doelwit bereik sal word en dat waterbronne in die land deurentyd doeltreffend gesuiwer sal word.

Gebedsfokus op sending: Die *Doulos* uit diens gestel

Na byna 50 jaar se aflewering van boeke en Bybels by baie hawens in die wêreld, het die Doulos sy laaste vaart in Februarie 2010 afgelê. Ongeveer 70 van die *Doulos* se personeel het by die tweede skip, *Logos Hope*, aangesluit. Ander is huis toe om te gaan rus of het elders in *OM*-spanne wêreldwyd diens gaan doen. Hulle skryf: Dankie vir julle hulp en ondersteuning gedurende hierdie periode. Bid asb. vir die hervestiging van die res van die boot se bemanning en personeel. Bid vir die suksesvolle aanpassing van diegene wat na die *Logos Hope* oorgeplaas word en vir die voortgesette doeltreffende bediening van die *Logos Hope* in die Karibiese Eilande. (*Operation Mobilization USA.* Webwerf: http://omusa.org/ of e-pos: info@usa.om.org).

Saterdag 31 Julie 2010

Gebedsfokus op dwelmmisbruik: Voormalige straatkind beveg dwelms

'n Voormalige straatkind en 'n voormalige veroordeelde misdadiger het kragte saamgesnoer om die uitdaging van dwelmmisbruik in Kaapstad se townships aan te pak waar baie kinders, skaars tieners, aan heroïen en tik verslaaf is. Sifiso Jezile, 28, wat 12 jaar in die strate van Kaapstad deurgebring het, en Mapanya Sogani, 33, tans op parool nadat hy tien jaar tronkstraf vir gewapende roof uitgedien het, mag na onwaarskynlike kandidate vir dié taak lyk, maar hulle is vasbeslote om 'n bydrae tot die stryd teen dwelms te lewer. "Die tronk kan 'n plek vir introspeksie wees en ek is daar geïnspireer om sake te probeer regstel," het Sogani gesê. (Webwerf: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=15&art_id=vn20100207085429233C691511). Dank die Here dat Hy gebede verhoor het dat gevangenes teenoor hulle makkers sal getuig. Hou aan bid dat jong mense in Kaapstad van dwelms verlos sal word en dat hulle verantwoordelike, gelukkige mense in die samelewing sal word.

Gebedsfokus op die nasies: Boontjies kan die antwoord op gebed wees

Rankboontjies wat vir hoogliggende gebiede met 'n hoë reënval geskik is, word nou na tien jaar se navorsing in Rwanda versprei. Die vyftien variëteite kan ook tot voordeel van kleinboere in soortgelyke gebiede in Sentraal- en Oos-Afrika wees. Hierdie boontjies is bestand teen siektes wat peulgewasse aantas en lewer ook 'n groter oes, drie tot vier keer die opbrengs van bosbone, en kan dwarsdeur die jaar geplant word. (Webwerf: http://www.scidev.net/en/news/beans-climb-to-new-heights-in-rwanda.html). Dank die Here vir 'n antwoord op gebede vir voedselvoorsiening aan arm gemeenskappe. Bid asseblief dat die grootste hindernis, naamlik om die saad by die boere te kry, spoedig oorkom sal word en dat boere sal leer hoe om die boontjies te plant en te oes.

Sondag 1 Augustus 2010

Die vrees van die Here bring YWER

Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe (**Matt.25:25**). Drie persone het verskillende verantwoordelikhede gekry, en elkeen het presies geweet watter soort man hulle baas was. Twee van hulle het met harde werk die taak wat die meester hulle opgelê het, uitgevoer en so rentmeesterskap uitgeoefen. Die ander een het weggeskram omdat hy bang was vir persoonlike ondergang. Die vrees van die Here lei tot 'n gewilligheid om te werk.

Om oor na te dink: Worstel jy met vrees dat jy die Here sal teleurstel? Dit gebeur met baie mense en verlam hulle wanneer hulle Sy opdragte wil uitvoer. Het jy al by geleentheid teruggetree i.p.v. vorentoe? Lê dit voor die Here en vra vergifnis en 'n verdere geleentheid om Hom heelhartig en sonder vrees te dien.

Gebed: Vader wat vergewe, ek bely dat ek dikwels emosioneel reageer en terugtree in situasies waar U my roep om dinge te doen. Vergewe my vir die kere dat my persoonlike gevoelens die bevordering van U koninkryk in gevaar gestel het. Leer my die vrees van die Here wat my opwek om die dinge te doen waarvoor U my roep.

Maandag 2 Augustus 2010

Gebedsfokus op redding: **Fotograwe**

Dit is nogal 'n aansienlike uitdaging vir fotograwe om 'n bestaan te kan maak. Party wend hulle tot ekstreme temas om hulle van ander fotograwe te onderskei. Nie almal hiervan is heilsaam nie. Bid asseblief vir fotograwe op alle terreine van die lewe, dat hulle Jesus sal vind. Vra dat hulle getuienis ook baie ander fotograwe sal beweeg om hulle lewens aan die Here Jesus oor te gee.

Gebedsfokus op die nasies: Costa Rica

Die Sentraal-Amerikaanse land Costa Rica het sy eerste vroulike president op 7 Februarie verkies. Sy is 'n pro-lewe-kampvegter. Die verkiesingsoorwinning in Costa Rica is 'n oorwinning oor internasionale agentskappe en pro-aborsiegroepe wat wil hê dat die land aborsie moet toelaat. (Webwerf: http://www.lifenews.com/int1459.html).

Dank die Here vir hierdie deurbraak in antwoord op 'n spesifieke gebedsfokus op aborsie wat onlangs wêreldwyd gehou is. Die Here verhoor beslis die gebede van Sy mense. Bid dat die nuwe president van Costa Rica onwrikbaar sal bly staan by haar oortuigings en dat baie mense in die land hulle tot die Here Jesus sal bekeer.

Sluit aan by die *Citywide Watch* in Pretoria vir gereelde gebedsbyeenkomste

Ons wil jou uitnooi om saam met ons te kom bid as jy in Pretoria bly of beplan om Pretoria te besoek. Daar is 'n 24/7 gebedskamer in Lynnwood Manor in Pretoria by die kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*. Kom as individu, egpaar, gesin, kerkgroep of enige ander groep en bid saam met ons vir die kerk en die stad, ons land en ook vir die nasies van die wêreld. Gebedstye is ingedeel in verskillende gebedsgleuwe wat beskikbaar is vir diegene wat wil kom bid. Gebedsinligting is beskikbaar en kan in die gebedskamer gebruik word. Elke maand fokus ons op verskillende sake. Daar is verskeie 'gebedstasies' ingerig waar jy kan aanbid, die Woord kan lees, voorbidding kan doen of dankie kan sê. Daar is ook 'n wêreldkaart om jou te help om te bid oor internasionale gebeure. Oorweeg biddend of jy nie 'n gereelde gebedsgleuf moet neem waar jy weekliks voor God se troon van genade kan staan om te bid vir die dinge wat Hy op jou hart lê. Om meer uit te vind en 'n gleuf te boek, kontak asseblief vir Lana Botha by tel.: 012 365 3213 of 072 379 3842 of e-pos: pretoriawatch@jwipn.com. Jy kan ook by ons aansluit vir die maandelikse gebedsgeleentheid vir ons land (halfdag van gebed), gewoonlik op 'n Donderdag, 08:30 – 12:00 by die Jerigo Mure kantore, Pretoria. Hou ons webwerf, www.jwipn.com dop vir die beplande datums hiervoor of kontak Anneke by tel.: 012 365 3213 of e-pos: info@global24-7.org

---

Dinsdag 3 Augustus 2010

Gebedsfokus op moraliteit: Uitbuiting en mensehandel

Kaapstad toon 'n toenemende gewilligheid om op te tree teen prostitusie, bordele, koppeling en sekshandel. Baie prominente bordele in die stad wat hulle as skoonheid- en masseersalonne voorgedoen het, is reeds in Februarie toegemaak. Hierdie ondernemings is sonder lisensies bedryf. Nieteenstaande groeiende en geloofwaardige bewyse dat kwesbare tieners met valse en misleidende advertensies deur hierdie "salonne" in prostitusie ingelok word, gaan koerante steeds voort om hulle advertensies te publiseer en op dié manier bevorder hulle indirek prostitusie en sekshandel. (Family Policy Institute. Tel.: 021 462 7888 of faks: 021 462 7889. Webwerf: http://www.familypolicyinstitute.com/ of e-pos: info@familypolicyinstitute.com). Dank die Here vir die toemaak van ongelisensieerde 'salonne'. Bid dat die polisie voortgesette sukses sal hê in hulle pogings om wet en orde te herstel. Bid ook dat die eienaars van hierdie plekke 'n geleentheid sal kry om die Here Jesus te ontmoet. Bid dat koerante landswyd sal begin weier om advertensies van hierdie aard te plaas.

Gebedsfokus op die nasies: Moembaai in Indië

Moembaai het 'n totale bevolking van meer as 16 miljoen (2001-sensus). Dit is die finansiële hoofstad van Indië en die tuiste van die Indiese Bollywoodbedryf. Die stad is bekend vir sy lewenstandaard van uiterstes, 'n vinnige leefstyl en die skep (of verplettering) van drome. Daar is meer as 200 000 sekswerkers, tussen 70 000 en 200 000 melaatses en minstens 400 000 dwelmverslaafdes. In die sogenaamde "Vergete stad" woon mense geslagte lank in onmenslike omstandighede. (Church Planter. E-pos: ecichurchplanter@gmail.com). Hou aan bid vir werkers vir hierdie oes, dat die landsburgers oop en ontvanklik sal wees vir die evangelie en sal begin om op 'n praktiese manier verligting te bring in wanhopige omstandighede, veral vir die krotbewoners.

Woensdag 4 Augustus 2010

Gebedsfokus op gesondheid: Orgaanskenkersmaand

Daar is tans slegs ongeveer 30 000 geregistreerde orgaanskenkers in Suid-Afrika. Elke jaar sterf daar baie mense met gesonde organe. Een persoon se organe kan tot 15 lewens red. Daar is tans 1 400 pasiënte wat vir orgaanoorplantings en 3 000 wat vir kornea-oorplantings wag. Enige gesonde persoon kan 'n orgaanskenker word. (Webwerf: http://medical.bizcommunity.com/Article/196/148/38366.html). Dank die Here vir diegene wat 'n

normale lewe kan lei as gevolg van ’n orgaanskenker. Bid dat meer lewens deur middel van orgaanskenkings gered sal word, en dat mense wat vir orgaanoorplantings wag, Jesus persoonlik sal ontmoet, en hulle lewens aan Hom sal oorgee. Bid egter ook dat God wondergenesings sal doen en dat mense nie jonk en onnatuurlik sal sterf nie.

Gebedsfokus op evangelisering: Dowes in Kenia

Daar is meer as 220 000 dowe Keniane, van wie die meeste nog nie die evangelie gehoor het nie. ’n Nuwe Bybelvertaling is ’n Bybel in gebaretaal, wat op DVD opgeneem is, sodat diegene wat doof of hardhorend is, in gebaretaal kan sien hoe iemand die Skrifte in hulle hartstaal uitspel! Nadat ’n persoon die gebaretaal-DVD tydens die inwyding gesien het, was hy só opgewonde hieroor dat hy wou weet hoekom dit nie al vroeër beskikbaar was nie. ’n Ander vrou het gevra dat sy Jesus daar en dan wou aanneem. (Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/13838). Dank die Here vir hierdie wonderlike deurbraak vir mense met gehoorverlies wat nou ook die evangelie kan ‘hoor’. Bid spesiaal vir meer geleenthede vir ander gestremdes om die Here Jesus as Verlosser te leer ken.